VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

22 Mrt **Sarel van der Westhuizen,** Wallisstraat 12, ☎ 082 896 9842. Wyk B3

24 Mrt **Gert Meyer,** Chopinstraat 17, ☎ 076 276 0300. Wyk A3

Gideon Wentink jnr Esselenstraat 69, ☎ 082 848 1272. Wyk E1

25 Mrt **Elsie Buys,** Rosetuin 2 no 14, ☎ 082 866 8160. Wyk B2. 82 jaar

Johan Kirsten, ☎ 084 549 0282. Wyk A3

Mien Prinsloo, Huis Eikelaan TB 413, ☎ 082 888 7456. Wyk C1.85 jaar

Koos Theron, Nieuwestraat 11, ☎ 072 713 6329. Wyk E1

26 Mrt **Jaco Viljoen,** Waterberry Heights 494, ☎ 073 788 1017. Wyk D1

27 Mrt **Bennie v d Berg,** O R Tambolaan 130, ☎ 083 356 6308. Wyk B6. 81 jaar

Willem van Heerden, Sanitas Hoewe 1, ☎ 076 450 0562. Wyk D2.

VAN ONS DIAKONIE

KOLLEKTES: Vandag en elke Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid in die blou sakkies**.
Vanoggend by die deure vir die **Ekumenisiteit buitelands, in rooi sakkies.**
Vanaand: Diens van Barmhartigheid en Kerkkas.

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 10 Sondag 21 Maart 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderlinge van wyke **B1** en **B2**: **Pieter Glöy en B2 is vakant.**
Diakens: Wyke **B1 Zurich Terblanche en B2 Naldo Kent.**

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

OGGEND: Teks: Kolossense 3:1 - 4:1.
Fokusvers: Kolossense 3:16a.
TEMA: ***Die woord van Christus moet in sy volle rykdom in die uitverkorenes se harte woon tot eer van God.***
Sing: Psalm 89: 3, 6; Psalm 1: 1, 4; Psalm 119: 7, 39; Skrifberyming 5: 1, 2 (4 – 8); Skrifberyming 43: 4,5 (15 – 7).

AAND: Teks: Hebreërs 9: 1 - 14, 23 - 10:18.
Fokusverse: Hebreërs 9:12; 10:10 - 12.
TEMA: ***Die uitnemende en volmaakte offer van Christus wek ons op om Hom as verheerlikte Here in die Nagmaal te aanbid.***
Sing: Psalm 47:1, 2, 3, 4; Psalm 65: 3; Psalm 40: 2, 4, 5.

Kollektes vanoggend: *Diens van Barmhartigheid* in die blou sakkies en vir die **Ekumenisiteit buitelands** in die rooi sakkies.
Hierdie kollekte is bedoel om skakeling met ander Gereformeerde Kerke met wie die GKSA noue bande in die buiteland het, te bevorder, bv kerke in Europa, Australië en die Amerikas.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas.*

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND 26 Maart 2021

LIEF EN LEED

Naomi Fraser 082 442 7466 sterk aan na haar operasie die afgelope week. Ons bid haar krag en genade van ons hemelse Vader toe.

Japie van Jaarsveld 072 521 9813 is met kanker gediagnoseer en begin Dinsdag met chemo-terapie. Ons bid hom krag en genade toe en dra ook vir Christa aan ons hemelse Vader op.

Meegevoel

Ons betuig ons innige meegevoel met **Hermien van der Spoel** en haar dogter Carolien met die afsterwe van Carolien se man Patrick die afgelope week. Mag ons troue Verbondsgod al sy dierbares in sy genade vashou en ryklik vertroos.

Dankbaarheid

Die agterkleinkind van Ockie en Johanna Buys, wie se geboorte ons verlede week genoem het, is ook 'n agterkleinkind van Peet en Elsie Buys (hulle negentiende agterkleinkind). Ons hartlike gelukwensing ook aan hulle en ons dank aan ons hemelse Vader vir sy verbondsgenade

Attestate

Die attestaat van **Charlene Buys** is ontvang vanaf die Gereformeerde Kerk Oos-Moot. Sy is 'n student en woon in Rissikstraat 60.
Die attestaat van jonge broeder **Roan du Preez** is vanaf die Gereformeerde Kerk Ventersdorp ontvang. Hy woon in Jack Pauw Seunskoshuis (Volkies).
Baie welkom aan **Charlene** en **Roan,** mag julle verblyf in ons gemeente baie geseënd wees.

Die volgende onderhoud op Pretoria FM met die Redakteur van *Die Kerkblad* word op **Sondag 28 Maart** tussen 07:45 en 08:00 uitgesaai. Lidmate kan daarna luister op PretoriaFM104.2 MHz/106.6 MHz of TV Oudiokanaal 887.

DAGBOEK

KATKISASIE

Katkisasie lesrooster

	Sondag 28 Maart 2021	Sondag 11 April 2021
Lesrooster: Psalmvers:	Les 3 Psalm 4:1a	Les 4 Psalm 4:1
Katkisasie toesig:	Wyk B3: Graad 3 & 4 Wyk B4: Graad 5 & 6	Ouderling Wyk : Graad 3 & 4 Ouderling Wyk : Graad 5 & 6
Woensdag 24 Maart	14:30 2021 Belydenisklas	Heidelbergse Kategismus, Sondag 1
	15:30 Hoërskoolkatkisasie	Les 2 Openbaringsgeskiedenis en Dordtse Leerreëls
Donderdag 25 Maart	15:00 2020 Belydenisklas	Heidelbergse Kategismus Sondag 31

AFKONDIGINGS

Kennisgewing van vergadering van kerkraad met diakens
Die kerkraad vergader saam met die diakens op Sondag 18 April ná die aanderediens. Alle sake vir die agenda moet Maandag 12 April skriftelik by die skriba ingedien word sodat daar behoorlik vir die vergadering voorberei kan word. Broers wat nie die vergadering kan bywoon nie, moet skriftelik met opgaaf van wettige redes by die skriba verskoning aanteken.

Onderwyskommissie vergader Maandag om 18:30.

Bedieningskommissie vergader Dinsdag om 17:30.

BYBELSTUDIES:
Dinsdagmiddag om 15:00 by Huis Eikelaan olv prof. Callie.
Dinsdagaand om 18:30 in die Jeuglokaal (Daniël 1).
Donderdagoggend om 09:30 in die konsistorie (Handelinge 1).
Donderdagaand 18:30, aanlyn.
Kontak prof. Paul Kruger 076 993 3775 of Frieda Theron 078 324 5267.

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

VAN DIE EIENDOMSKOMMISSIE

Die volgende is van die Eiendomskommissie ontvang - Nadat goedkeuring van die Kerkraad ontvang is, het die internet diensverskaffer, Rain, op 18 Maart begin met installasie van LTE toerusting op die kerk se toring. Hulle doel is om inwoners in die area rondom die kerk, beter van diens te wees. Die konstruksie sal tot 31 Maart duur. Die kerk baat maandeliks hieruit en die inkomste word aangewend om die tekort op die begroting te bestry. Lidmate, en veral dooplidmate, word versoek om in die tydperk die Ooste kant van die kerk so ver moontlik te vermy aangesien dit 'n konstruksie-terrein is. Die kontrakteurs het opdrag ontvang om deurentyd alle slote en gevaar areas af te sper en om glad nie op Sondae te werk nie. Verskoning byvoorbaat vir enige ongerief. Navrae kan aan Danie Stoop 082 335 8161 gerig word.

BAIE DANKIE Baie dankie aan Flip Mostert, Jan Adriaan Eloff, Danie Stoop en koster Pieter Bouwsema en almal wat betrokke was met klank en beeld in die saal verlede Sondagoggend, groot waardering vir al die moeite wat julle gedoen het. Dankie!!

Die spesiale kollektes in Maart 2021 gaan vir:

Sondag	7 Maart	Teologiese Studentebehuising
Sondag	14 Maart	Instituut vir Christelike Onderwys
Sondag	21 Maart	**Ekumenisiteit buitelands**
Sondag	28 Maart	Teologiese Studentekas

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND
26 Maart 2021

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir ’n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384
R 25 per hamburger. Dit is 'n **“winskoop”**

Leer jou Bybel ken

Daar is verskillende maniere waarop Bybelstudie aangepak word. Sommige Bybelstudies konsentreer op temas uit die Bybel, ander lê klem op onderlinge gesprek oor aktuele sake in die lig van die Bybel, ander konsentreer sterk op ondersteuning en voorbidding, ander bestaan uit 'n tipe preek of oordenking (bv. deur die predikant) met die groepslede as toehoorders.

Die spesifieke benadering van Donderdagaande se Bybelstudie is om die Bybel beter te leer ken. Elke week word 'n spesifieke Bybelgedeelte geneem en gekyk wat presies daar staan en hoe dit ons in ons daaglikse lewe raak. Die klem lê op die deelname van elke groepslid, sonder om druk op groepslede te plaas om die leiding te neem. Die Bybelstudie word gedoen aan die hand van 'n paar vrae oor die betrokke Bybelgedeelte wat beantwoord kan word bloot deur die gedeelte noukeurig te lees.

Die Donderdagaand-Bybelstudiegroep het in die verlede veral gebruik gemaak van vrae in die reekse *Ontdek jou Bybel*, *Groepsbybelstudie* en *Neighborhood Bible Studies*.

Die groep het weekliks by die kerkgebou vergader, maar in die huidige inperkingstyd kom die groep virtueel bymekaar. Die voordeel van laasgenoemde is dat 'n mens kan deelneem vanuit die veiligheid (en binnekort die warmte) van jou eie huis. Die byeenkomste word sover moontlik tot een uur beperk, naamlik 18:30 tot 19:30.

Tans word uitgesoekte Psalms bestudeer en waarskynlik binnekort grepe uit die boek Spreuke.

Lidmate (en ander belangstellendes) wat graag wil inskakel kan met Frieda Theron (078 324 5267) of Paul Krüger (076 993 3775) skakel of 'n E-pos stuur aan biblio.akad@gmail.com.

Die Administratiewe Buro van die GKSA in Potchefstroom het ’n vakature vir ’n
ASSISTENT VAN DIE REKTOR EN REKTORAAT
VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL
Sluitingsdatum vir aansoeke: 23 MAART 2021 om 14:00.
Diensaanvaarding: 1 Mei 2021 of so spoedig moontlik daarna.
Navrae: Dr Wymie du Plessis by 083 575 5786.
Skakel asb vir inligting oor vergoeding.
CV’s: • Per hand by: Die Administratiewe Buro, Molenstraat 62, Potchefstroom. • E-pos: wymiedup@gksa.co.za